

**24 Junie**

**Skrifgedeelte: Jesaja 42:5-17**

**Fokusgedeelte: Jesaja 42:10, 12**

**Sing 'n nuwe lied met nuwe klank!**

Na 'n lang tyd van vreemdelingskap kom die boodskap van verlossing! Die volk mag terugkeer na hulle eie land, maar nie sonder gevolge nie. Positiewe gevolge, want deur die bevryding moet die heidennasies kennis neem van God die Skepper wat verlossing vir sy skepsele bewerk; vir dié wat Hom aanroep in hulle nood en benoudheid.

So gryp hierdie nuwe lied met die een arm terug na die Skeppergod en met die ander na die herskepping deur Jesus Christus in Wie die beloftes van die Ou Testament hulle vervulling vind. Die hele gedeelte adem nuwe, vars lug vir elkeen wat God aanroep en weet dat Hy alle mag besit in hemel en op aarde – waardeur Hy in Christus twee heerlike seëninge bring, naamlik *lig* en *bevryding*. Nie net word die duisternis verbreek nie, maar deur die ewige Lig kom die nuwe lewe, en nie net word die gevangenis van sondeslawerny oopgebreek nie, maar daar word nuwe geleenthede tot die ware lewe gegee deur Hom aan Wie alle lof toekom. Dit alles eien Hy Hom toe as Hy sy mag en gesag proklameer in die bevestiging van sy Naam.

Dan word die hele wêreld, en nie net Jerusalem en Israel nie, opgeroep, dié wat op die see vaar – en die Jode was nie regtig seevaarders nie – ook die eilandbewoners, ja almal word opgeroep om te deel in lofprijsing van Hom wat die bevryding bewerk het en sy beloftes nuut gemaak het. Daarom, sing 'n nuwe lied – 'n Nuwe-Testamentiese lied met nuwe klanke van vreugde, dankbaarheid en oorwinning.

Mag hierdie danklied en lofprijsing elkeen se harte vul en elke geneurie en trommelslag – ja, mag alles wees tot Hom wat soveel genade en liefde uitstort in soveel geduld en lankmoedigheid – deur elkeen wat hierdie genade en liefde deelagtig geword het sodat alles in en op die ganse skepping in groot harmonie saam lof uitbreek, omdat Hy alles geword het in almal. Elkeen gevul deur sy Heilige Gees en gedring tot die sing van hierdie nuwe lied met nuwe klank!

*Sing: Psalm 103:1 en 11 (Totius)*

*Ds JE Franck (Magol)*